

Nomades Roete Terugvoer

Wathaba

20-22 Oktober 2017.

Machadodorp/Badplaas.



Isabel Baatsen, Elsje van den Berg, Hesta Moller, Silvia de Jong; Irma van Ryssen, Jannes van Ryssen; Corrie van Rensburg, Norma Grotius, Magda Grobler; Elsabé Düring, Celeste Birch, Kobus du Toit; stap saam. Lorretta Roux moes ongelukkig kansleer agv Pieter se sterfte. Luis de Rocha kom in haar plek en JS vd Merwe het ook by die groep aangesluit. 13 het dus betaal via die klub. 14 Stappers in totaal.



Elsabe vertel vir ons :

" En so was ek toe nog al die tyd onder die indruk dat "wathaba" maar net 'n inheemse woord is wat met 'n berg te make het ..."thaba" is mos hoeka die Sotho-woord vir "berg", maar helaas vind ek toe mos uit dat dit eintlik 'n Arabiese woord is vir "bons, dans, spring" of "om te spring", en selfs ook "om te sit"! Ook nooit te oud om te leer nie.

Dié asemrowende roete, onlangs nog aangewys as die beste kortdagroete in die land, is omtrent 20.8 kilometer van Machadodorp af op die pad na Badplaas en omtrent 3 ure se ry vanaf Johannesburg of Pretoria. Wathaba is in 'n wildernisgebied in die Skurweberg-bergreeks geleë en spog met pragtige watervalle, fauna en flora soos wilde veldblomme, sampioene of paddastoele en swartwattels (*acacia mearnsii* of *uwatela* in Zoeloe) ... baie daarvan, te véél daarvan (maar darem 'n bron van tannien en brandhout vir die plaaslike gemeenskap)! Die inheemse kloof-plantegroei spog verder met oor 'n honderd verskillende plantspesies en duidelik gemerkte bome (sommige van rekord-grootte ... sowaar swartwattels ook), asook 'n verskeidenheid voëllewe. Voëls soos kalkoenibisse (*umcwangele* in Zoeloe), Knysna-loeries en bergkwikkies, om maar 'n paar te noem, kan hier gesien word, asook 'n verskeidenheid klein soogdiertjies, reptiele, spinnekoppe ... en donkies (klaarblyklik)! Sowat 'n drie minute se stap van die kamp stroom-op bring mens tot by die Wathaba-reënboogvalle met 'n natuurlike poel, omring deur veldblomme en 'n digte woud. Gedurende die somer is dié water koel en verfrissend, veral na 'n lekker stappie op-en-af van die "thaba". In die winter is dit egter lekker koud en slegs die brawes onder ons wat dit sal waag om te swem ...



Die kamp is wonderlik toegerus met pragtige slaap- en ablusiegeriewe – sommige kamers wat jou selfs 'n regte grotgevoel gee ... en 'n donkie wat gestook word vir lekker warm water om mee te stort, of soos sommiges van ons, lekker in die sinkbadjie lafenis te soek met 'n glasier wyn in die hand! 'n Bietjie reën die Vrydagaand het nou nie juis 'n demper op ons klomp stappers se entoesiasme vir braai en kuier geplaas nie. 'n Boer (of is dit nou 'n professor ... en 'n prikkelpop?) maak 'n plan en die vuurtjie word summier onderdak geskuif ... en tóé word daar gebraai, geëet en gekuier tot láát ...

Met groot entoesiasme begin 11 van ons groep van 14 die Saterdagoggend die eerste van die twee goed gemerkte roetes (10 kilometer) te "wathaba" ... so in die gees van die Arabiese betekenis van die woord. Ons het berg-op gebons (genade! wát 'n geklim en geklouter!), lekker by Lisa se klavier gesit en versnapperinge geniet, oor die vlaktes gedans en uiteindelik al springende (of was dit nou strompelend?) weer in die kloof afgedaal na die mees asemrowende waterval (een van 3 op die plaas)! Danksy 'n veldbrand was ons ook bevoorreg om die veldblomme, grassies en jong boompies so in die stap te sien ontluik. En om dit te beleef saam met só 'n gesellige groep geesdriftige stappers bly 'n voorreg en 'n plesier.

So in die proses verloor ons egter van ons maatjies, besluit om bietjie halfpad berg op te wag, maar toe 'n tweede groep stappers na 'n ruk op die horison opgemerk word, besluit die laastes van ons om maar kampwaarts te keer aangesien hulp klaarblyklik nie nodig sou wees nie. Vir diegene van ons wat so 'n bietjie geestelike vervulling soek na die dag se stap, is daar 'n klein boskerkie naby die kamp, omring deur digte plantegroei, met lekker houtbankies om op te sit, en kabbelende water in jou ore ... nét die regte atmosfeer vir so 'n bietjie introspeksie hou en batterye herlaai vir die res van die uitmergelende jaar wat voorlê.



En tóé word daar gebad, gestort en weer gebraai, geëet en gekuier tot laat ... dink sommiges van ons so 'n bietjie meer as ander as jy my vra, te oordeel aan die verskil in die samestelling van die groep wat die laaste 4 kilometer die Sondagoggend aandurf!

Na 'n verfrissende 2 kilometer die laaste oggend, wat met 'n stewige klim die berg op begin, en 'n lekker stap al langs die stroom, en deur die woud, kom 10 van ons toe by nóg 'n besonderse waterval uit ... pragtig ... drink en eet 'n ietsie en draai toe om, weer al huppelend langs die stroom af (nou net aan die ander kant), verby die laaste waterval, net om weer die kamp so om-en-by 10:00 in te dans om te begin oppak en die lang pad huis toe aan te durf.

Ons het voorwaar lekker ge"wathaba" die naweek en dié roete behoort werklik op elke stapper se wenslys te wees ... selfs meer as een keer in 'n leeftyd!"



Jannes vertel (*ietwat verkort*): "Die Nomades het die Kiepersolruskamp betrek, terwyl twee ander groepe hul in die ander kampe, Bottlebrush Haven en Waterbessie, tuisgemaak het. Ons was egter skaars bewus van die stappers in die ander kampe.

Die toestand in die kampe het gestand gedoen aan Wathaba se reputasie as een van die top kort staproetes in die land. Alles het gewerk. Daar was selfs elektriese ligte in die kamers, op stoepe en in die ablusie fasiliteite, alles d.m.v. groenkrag. Die kookfasiliteite het egter nog gas gebruik en 'n donkie het vir warmwater in die storte gesorg.



Ons braaivuur het die Vrydagaand net mooi begin brand, toe dit begin reën, en ons die kole na die braaiplek in die kombuis moes verskuif. Een probleem met hierdie braaifasiliteit was dat dit baie hoog is, soveel so dat die van ons wat kort van postuur is, op 'n stoel moes staan om te sien wat op die rooster aangaan.

Elf van ons het Saterdagoggend om 08:00 die eerste roete, Lynx Loop, van 10 km aangepak. 'n Lekker koel dag. Elsje, Hesta en Irma het agtergebly en later die oggend 2 km na die waterval naby die kamp gestap. Irma het dus 2 km vir hierdie jaar gestap. Lynx Loop-roete is baie duidelik gemerk en uitgetrap. Die afstand wat gestap is, is op elke kilometer aangedui. Dele van die eerste vier km van Lynx Loop was egter styl en vat jou tot bo-op die berg. Vandaar was daar 'n redelike gelyk, oop stuk en dan af na die eerste waterval en waterpoel in 'n boomryke vallei met groot inheemse bome. 'n Brand het nie te lank gelede groot dele van die berg afgebrand, maar gelukkig nie die inheemse bos beskadig nie. 'n Bonus as gevolg van die brand was dat baie plante uitgeloop en in blom was. Na 'n aangename en nie te moeilike stap nie, was almal vroegmiddag terug in die kamp.



Die tweede aand kon ons buite braai, natuurlik net met wattelhout. Daar is ook 'n moedige poging aangewend om roosterkoeke te maak, maar die deeg het nie gerys nie en die koeke was 'n bietjie plat. Die vuur was egter lekker warm met die baie hout, die vleis was gou gaar, en almal kon gou saam vreedsaam raak. Die aand is daar tot laat lekker om die lang kombuistafel gekuier.

Die tweede dag se Bosbokroete van 4 km was op teen die randjie bokant die Schoonspruit tot by die Bald Ibis-kloof met 'n pragtige waterval. Van daar vir 2 km al met die rivier langs en oor 'n aantal bruggies terug kamp toe. In die kloof is daar pragtige, groot, inheemse bome, maar ongelukkig op plekke ook massiewe, ou wattelbome wat die ander plante daar verdring het, en moontlik die bron van al die wattel op die plaas is. Dit was 'n aangename naweek, met gerieflike fasiliteite vir 'n stapkamp, en aangename geselskap. "

Baie dankie aan Elsabé en Jannes vir hul verslae en fotos. Nomades het direk by Wathaba bespreek.
Wathaba@vodamail.co.za

Finansies:

Uitbetalings: R5532.93

Roete Eienaar : Miep Rauch : (R210 x 2nagte x 13 Persone) : R5460.00

2 Sakke brikette (R29.99/4kg) + aanstekers (R12.95) = R72.93

Inkomste:

Lede (8xR440) + NieLede (5xR470) = R5670

Projek surplus : R137.07

Veral omdat die hout gratis was. Dankie Wathaba.

Groete

Marius Stander, vir Nomades Voetslaanklub.

Sien [Www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za) vir meer stapverslae, klubprogram en algemene klub-inligting. 2017/11/16 MS

